2 Oktober 2020

NUUSFLITS

Beste Leser

Eredienste tydens Vlak 1 van die staat van inperking

Hiermee wil ons hulp gee aan gemeentes vir die wyse waarop hulle deur 'n geloofsonderskeidende proses besluite kan neem ten opsigte van eredienste tydens Vlak 1 van die staat van inperking ('n vroeëre weergawe van hierdie dokument en proses was toegespits op Vlak 3).
Ons bied dit aan as 'n geloofsonderskeidende proses in vier fases **(sien onderstaande grafiek)** waarmee gemeentes tot spesifieke besluite kan kom. Gemeentes is almal uniek en kan by elkeen van die fases stilstaan met inagname van hulle eie identiteit en omstandighede. Ons maak ook deurlopend aanbevelings ten opsigte van bepaalde sake. Let daarop dat hierdie slegs voorstelle is (gebaseer op Staatskoerant, **volume 663, 18 September 2020, No 43725**) en dat veranderinge van die owerhede se amptelike regulasies ten opsigte van die verskillende vlakke van die staat van inperking 'n invloed op alle besluitneming sal hê.
Hou dus gerus hierdie spasie dop! COVID-19 stel buitengewone uitdagings aan gemeentes en in die besonder aan ons eredienste. Wat eredienste betref, is daar egter baie kreatiwiteit, wonderlike innovasie en patrone wat al hoe duideliker na vore kom regoor Suid-Afrika. Ons sal hierdie ruimte benut as 'n manier om idees en praktyke op 'n breë platform met mekaar te deel.



Aanbidding

Aanbidding in 'n kerkgebou is nie die enigste uitdrukking van kerkwees nie. Ons het juis in die tyd van inperking onder vlak 5 en 4 geleer dat ons diakonale werk in 'n tyd gefloreer het toe die kerkgeboue toe was. Ons fokus hier op aanbidding in kerkgeboue moet dus nie gesien word as 'n oorbeklemtoning van aanbidding teenoor diakonia nie.

Daar moet ook gedink word oor die verskaffing van voedsel in die gemeenskap; die moontlikheid dat die kerkgebou of saal 'n herberg kan wees vir haweloses en oor die pastorale funksies en maatreëls.

Ons nooi leraars uit om na te dink oor die toonaard van die liturgie binne die huidige konteks en tydsgewrig. Watter tipe liturgie sal in 'n tyd soos dié help om 'n ontmoetingsruimte tussen die lewende God en die gemeente te wees? Dit is belangrik om te besef dat eredienste in hierdie dae nie sal kan wees soos wat dit vantevore was nie. Nuwe tye en omstandighede vra na nuwe, Gees-geïnspireerde liturgieë en eredienste.

Aanbevelings:

Daar word van geen gemeente verwag om nie kerklike byeenkomste en ander geleenthede te hou teen die besluit van die gemeente se leierskap in nie. Elke kerkraad moet self deur prosesse van geloofsonderskeiding hieroor besluit.

Die riglyne en inligting wat op 27 Mei 2020 deur die Suid-Afrikaanse Raad Van Kerke (SARK) in 'n dokument verskaf is, beklemtoon die feit dat kerkrade die bepaalde riglyne kan oorweeg, maar benadruk dit dat elke gemeente verantwoordelik en verantwoordbaar is vir wat plaaslik gedoen word.

Fase 1: Reëls

Fase 1 (Reëls) in die geloofsonderskeidingsproses gaan oor: *Dít waaroor ons nie beheer het nie, maar waarvan ons seker is.*

Hierdie is nie die finale stel reëls nie en sal opgedateer word soos wat die regulasies verander. Dit vorm dus bloot deel van 'n raamwerk waarbinne bepaalde *voorstelle* gemaak word – voorstelle waarmee ons die besluitnemingsprosesse in gemeentes wil stimuleer. Die volgende voorstelle is geskoei op 'n uitgawe van die Staatskoerant wat in die inleiding van hierdie dokument vermeld word. Dit is uit die aard van die saak nie spesifiek op die NG Kerk van toepassing nie. Dit is egter nuttig om dit in gedagte te hou omdat dit aansluit by die owerheid se amptelike regulasies:

1. **Kerkgeboue** moet voorberei word. Voordat kerke en geboue oopgemaak word vir eredienste, moet elke gemeente/plaaslike kerk voorbereid wees. Elke gemeente moet 'n taakspan hê bestaande uit persone met vaardighede en kennis van die bepaalde riglyne.
2. Terwyl bywoning aangemoedig word, moet gemeentes toesien dat die nodige **fisiese afstand** tydens byeenkomste gehandhaaf word en moet die grootte van groepe beperk word.
3. 'n **Register** van bywoning van elke byeenkoms moet bygehou word. Konsulteer hier die spesifikasies in die nuutste Staatskoerant.
4. **Skoonmaakmiddels** moet beskikbaar wees vir alle geboue voor en na dienste om fasiliteite deeglik te steriliseer vir 'n volgende byeenkoms. Vloere en banke en stoele moet voor en na byeenkomste afgevee word.
5. **Toilette** moet higiënies gehou word: Verseker voldoende beskikbaarheid van alkohol-gebaseerde handreinigers. Seep, water en papierhanddoeke moet voorsien word. Lopende water en hande was met vloeibare seep moet moontlik wees. Papierhanddoeke moet weggegooi word in 'n bak met 'n deksel. As daar 'n tweede of selfs derde diens volg, is alle

voorsorgmaatreëls wat vir die voorbereiding van die eerste diens gevolg word, van toepassing.
6. **Ingange**: Geen gegroet by die deur nie; getalle sal bepaal word deur fisiese afstandsvereistes volgens die regulasies. Elke persoon se temperatuur sal geneem word en diegene met 'n lesing van 38 grade Celsius en hoër, sal gevra word om terug te keer huis toe. Voorsiening van alkohol-gebaseerde handreinigers by alle ingange. Persone by ingangsportaal sal verantwoordelikheid neem om handreinigers op elkeen te spuit.
7. **Binnemuurse *godsdienstige*** byeenkomste word beperk tot 250 mense en buitemuurse byeenkomste word beperk tot 500 mense, met die voorwaarde dat nie meer as 50% van die kapasiteit van die ruimte benut word nie, terwyl persone 'n fisiese afstand van ten minste 1.5 m van mekaar sal handhaaf.
8. Dieselfde beginsel geld vir ***sosiale*** byeenkomste.
9. Bywoning van **begrafnisdienste** word beperk tot 100 mense, met die voorwaarde dat nie meer as 50% van die kapasiteit van die ruimte benut word nie, terwyl persone 'n fisiese afstand van ten minste 1.5 m van mekaar sal handhaaf.
10. By **begrafnisdienste** is die dra van maskers, die handhawing van 'n fisiese afstand van ten minste 1.5m, sowel as die ander gesondheidsmaatreëls verpligtend.
11. Die bediening van die **sakramente** is toelaatbaar mits al die gesondheidsmaatreëls nagekom word.
12. **Kontaktyd**: Verminder die tydsduur van eredienste tot een uur. Laat minstens 30 minute toe voor die volgende diens.
13. Insameling van **dankoffers**: Insameling sal geskied deur toe koeverte wat by die deure in houers geplaas word. Insameling moet geskied wanneer mense uit die kerkgebou beweeg terwyl fisiese afstand gehou word.
14. Instrumentale **musiek** of solosang kan die tydgleuwe vul waar lofsange gewoonlik gesing word. Geen gesangboeke en Bybels in die banke nie, alle inligting moet elektronies in die erediens deurgegee word.
15. Daar mag geen **samedromming** binne en buite die kerk wees nie. Mense wat dienste bywoon, mag nie in groepe stap nie.
16. **Sondagskool** kan plaasvind, met die voorwaarde dat dit aan al die gesondheidsmaatreëls voldoen: maskers, temperatuur, register, handreiniger, fisiese afstand, 50% van die kapasiteit van die ruimte.
17. **Roetinevergaderings** kan plaasvind, met die voorwaarde dat dit aan al die gesondheidsmaatreëls voldoen: Maskers, temperatuur, register, handreiniger, 50% van die kapasiteit van die ruimte.

Aanbevelings:

~ Ringe kan ondersteunend wees indien spesifieke gemeentes nie die nodige handreinigers en gesigsmaskers kan verskaf nie.
~ Bereken die aantal toegelate persone in die kerk/saal/ klaslokale/raadsale op grond van die huidige 1.5m afstand tussen individue. Dateer op soos nodig.
~ Plaas 'n kennisgewing by elke deur met die maksimum getal persone vir daardie lokaal. Huidige beperking is 250 persone binnemuurs en 500 persone buitemuurs met inagneming van die nodige 1.5m fisiese afstand tussen persone.
~ Lei COVID-19-helpers op. Hierdie is nie noodwendig die gemeente se taakspan wat by punt 1 genoem word nie, maar vrywilligers wat die volgende pligte sal uitvoer:
a. Neem van temperatuur.
b. Sproei van handreinigers.
c. Toesighouers wat moet sorg dat die veilige afstandreël nagekom word en help met moontlik indeling van sitplekke in rye.
d. Toesighouers wat toesig hou oor die getal toegelate deelnemers aan die byeenkoms.
~ Stel die gemeente deur die beskikbare kommunikasiemedia in kennis oor maatreëls wat geld vir die gemeente, veral rakende kwotas, registrasie indien nodig en ander vereistes, sodat diegene wat opdaag, ingelig opdaag.
~ Indien die weer dit toelaat, oorweeg 'n opelug-diens waar mense hul eie stoele saambring.
~ Dokumente vir predikante wat 'n noodsaaklike diensverskaffer verklaar, sal waarskynlik deur die kerkraad/streeksinode/Algemene Sinode uitgereik word, dit sal nog uitgeklaar word.

Fase 2: Onsekerhede waaroor ons nie beheer het nie

Hier kan elke kerkraad en gemeente die sleutelonsekerhede onderskei: *Dít wat buite ons beheer is en waarvan ons nie seker is nie* (2.1).
Hierna kan moontlike scenario's onderskei en geskets word (2.2) met inagname van die reëls (Fase 1), die gemeente se unieke konteks en identiteit, sowél as wat ons by God vanuit die Bybel hoor.

2.1 Sleutel onsekerhede (voorbeelde):
Is die persone wat die byeenkoms bywoon draers van die virus of nie? Ons is onseker hoe lank ons sal moet lewe onder die onderskeie vlakke van inperking. Ons kan wel aanvaar dat ons een of ander vlak van inperking sal hê totdat daar 'n teenmiddel ontdek is en dit beskikbaar is in ons gemeenskappe. Dit kan dus nog 'n jaar of meer wees wat ons onder een of ander vlak van inperking moet leef.

2.2 Moontlike Scenario's
Ons moedig gemeentes aan om hierdie scenario's of kombinasies te oorweeg en aan te vul en met ons te deel. Ons wil gemeentes aanmoedig om hulle eie lokale konteks in ag te neem en op grond daarvan 'n keuse te maak en nie gemeentes wat ander keuses maak in diskrediet te bring nie.

A. **Geen aanbidding in die kerkgebou nou nie.** Die infeksies in ons gemeenskap is te hoog en is besig om te styg - die sogenaamde vas-van-aanbidding opsie t.w.v. die gesondheid van die gemeenskap.

B. **Aanbidding in die kerkgebou beperk tot 'n liturgiese span:** Slegs die liturg, begeleidingsgroep en orrelis. Ook die opneemspan wat dit "stream" op die gereelde erediens tyd – die sogenaamde Taizé opsie.

C. **Aanbidding *IN* die kerkgebou met minder as 250 mense (en 50% of minder van die kapasiteit van die gebou)** waarvan vooraf vasgestel is dat hulle nie hoë risiko gevalle is nie – byvoorbeeld lidmate onder 60 wat ingeperk is.

D. **Aanbidding *BUITE* die kerkgebou met minder as 500 mense (en 50% of minder van die kapasiteit van die ruimte)** waarvan vooraf vasgestel is dat hulle nie hoë risiko gevalle is nie – byvoorbeeld lidmate onder 60 wat ingeperk is.

Hierdie scenario's kan ook op dieselfde wyse gesien word as die verskillende vlakke van inperking: van baie streng tot minder streng**.**

Aanbevelings:

~ Die benutting van medium-grootte eredienste is elders met groot sukses geïmplementeer. Dit blyk dat lidmate op hierdie stadium versigtig is om byeenkomste van meer as 50 by te woon. Wyksdienste van ongeveer 30 kan benut word binne ruimtes wat daarvoor geskik is. Leraars kan hierdie dienste waarneem. Begaafde lidmate en kerkraadslede kan ook preke wat deur die leraars voorberei is (skriftelik of digitaal) voordra.

~ By die bediening van die DOOP kan die liturg na die doopvond beweeg nadat hy sy masker opgesit en sy hande met die regte middel gereinig het. Die water kan voor die tyd gekook word. Fisiese kontak met die lidmate of die dopeling moet vermy te word.

~ By die bediening van die NAGMAAL kan die voorbereiding van die brood en wyn, sowel as die skinkborde voor die tyd met inagname van die gesondheidsreëls gedoen word. Slegs kelkies word gebruik en die brood word uit mekaar op die bordjies gespasieer. Elke stukkie brood kan selfs 'n eie tandestokkie daardeur kry om hantering te vergemaklik en veiliger te maak. Die liturg behoort dieselfde maatreëls by die bediening van die nagmaal as by die doop na te kom.

~ Benut die geleentheid om meerdere dienste wat liturgies verskillend ingeklee kan word deur die week te hou.

~ Gemeentes met meerdere lokale kan verskillende dienste gelyktydig aanbied solank as wat dit in lyn is met die regulasies.

~ Begrafnisse en huweliksbevestigings kan plaasvind solank as wat dit in lyn is met die regulasies.

~ Huisbesoek en huiskerk kan plaasvind volgens Regulasie 69, met die voorwaarde dat maskers gedra word, terwyl persone 'n fisiese afstand van ten minste 1.5 m van mekaar sal handhaaf.

~ Daar moet gewaak word teen die teenwoordigheid van persone (ook leraars) met onderliggende siektes.

~ Dit is raadsaam dat persone bo die ouderdom van 60 liefs nie eredienste in hierdie tyd sal bywoon nie.

Fase 3: Opsies

Fase 3 (Opsies) in die geloofsonderskeidings-proses gaan oor: *Dít waaroor ons beheer het, maar waarvan ons nie seker is nie.*
Hier genereer ons strategieë of opsies deur die scenario's wat ons in Fase 2 ontwikkel het te evalueer d.m.v 'n SWOT-analise (sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings).

Voorbeeld van 'n SWOT-analise

Sterkpunte: Die meeste gemeentes se kerkgeboue is groot en kan **250** mense met gemak hanteer - ons het nie die tipiese klaskamerprobleem van skole nie. Ons kan aanspraak maak op die dissipline van ons gemeentelede as 'n getuienis in die gemeenskap.
Swakpunte: Ons het nie beheer oor die erediensbywoners se leefstyl en moontlike geïnfekteerde status nie.
Geleenthede: Ons kan innoverend planne maak en alternatiewe benut soos die benutting van tegnologie. Ons kan leer uit die geskiedenis van die kerk met pandemies.
Bedreigings: Kerkgangers se ouderdom maak hulle kwesbaar. Sommige gelowiges is roekeloos omdat hulle voel God sal hulle teen die virus bewaar. Na so 'n lang tyd van inperking is die gemeenskap geneigd om hulle dissipline te verslap.

Fase 4: Besluite

Fase 4 (Besluite) in die geloofsonderskeidingsproses gaan oor: *Dít waaroor ons beheer het, sowél as waarvan ons seker is.*
Hier neem ons konkrete besluite en kan gebruik maak van die SMART-metode. Hiervolgens moet die besluit **spesifiek, meetbaar, bereikbaar (haalbaar), realisties en tydgebonde** wees.
Vrae wat hier gevra kan word, om ons te help met ons besluite, is:
Watter scenario's kies ons? Van wanneer tot wanneer sal die scenario geld? Of wanneer sal ons die huidige situasie heroorweeg? Watter meganismes moet ons in plek stel om die scenario volhoubaar te maak? Wat is die koste implikasies hiervan ten opsigte van geld en mense se tyd?

Nkosi Sikelel' iAfrika - Morena boloka setjhaba sa heso
Hosi katekisa Afrika - God seën Suid-Afrika
God bless South Africa - Mudzimu fhatutshedza Afurika